# Volledige Afriklok-brosjure: Let op dat alle pryse BTW uitsluit

| Itemkode, prys en illustrasie | Beskrywing |
|---|---|
| AF1: R3200 elk  | **Afriklok Standaard Vaste klok**<br>Hierdie is ons mees populêre model, ontwerp om vandalisme en toevallige beskadiging te weerstaan.<br>Dit is 'n battery-aangedrewe eenheid wat geen bekabeling benodig nie. Dit benodig 'n oorlaaistasie (sien hieronder) om data na die rekenaar oor te laai. |
| DOCK: R400 elk  | **Oorlaaistasie**<br>Dit word gebruik om data tussen die klok en die rekenaar oor te laai. U benodig EEN van hierdie per installasie, maak nie saak hoeveel klokke u gebruik nie. |
| READER: R400 elk  | **Drukknoppie-leser**<br>Dit word gebruik vir die identifikasie en toewysing van drukknoppies aan werkers. U benodig EEN van hierdie per installasie, maak nie saak hoeveel klokke u gebruik nie. |
| AP1: R3500 elk  | **Standaard draagbare klok**<br>Hierdie is 'n ten volle draagbare klok met 'n ingeboude oorlaaistasie, wat direk aan die rekenaar gekoppel word vir data-oordrag. Dit gebruik 'n standaard-USB kabel hiervoor. |

| | |
|---|---|
| AP1MOUNT: R200 elk<br><br> | Monteerstel vir draagbare klok |
| AP2: R3500 elk<br> | **Geharde draagbare klok**<br>Hierdie klok is vir rowwe omgewings ontwerp. Dit het geen knoppies of vertoonskerm nie, en het ‘n sterk, stofdigte konstruksie. Let wel: Dit is NIE WATERDIG NIE!!<br><br>Die klok is met ‘n ingeboude oorlaaistasie toegerus, wat direk aan die rekenaar gekoppel word vir data-oordrag. Dit gebruik ‘n standaard-USB kabel hiervoor. |
| AFHAND: R11 500 elk<br> | **Handleser**<br>Hierdie is ons mees gesofistikeerde klok, wat vinger-afmetings en ‘n ingeboude kamera benut om ‘n einde te maak aan klokbedrog. Dit is ‘n alleenstaande, battery-aangedrewe eenheid wat ‘n USB-skyfie (flash disk) gebruik vir databerging en oordrag.<br><br>Let wel: Die eenheid kan 4-6 mense per minuut hanteer – dit beteken dat 50 werkers sowat 10 minute sal neem om te klok. Neem dit asseblief in ag wanneer u besluit hoeveel klokke u benodig.<br>Opsioneel: 220V krag met batterybystand R1050 |
| BUT: R25 elk<br> | **Dallas i-button (modelnr DS1990)**<br>Hierdie drukknoppies word aan werkers uitgereik om mee te klok. Elke drukknoppie het ‘n unieke serienommer, wat in die sagteware aan elke werker gekoppel word.<br><br>Minimum bestelling van 20, andersins word ‘n fooi van R49 gehef vir posgeld en verpakking. |

| | |
|---|---|
| BUT-SUP: R50 elk | Toesighouer-drukknoppie<br>Dit stel u in staat om kloktye direk op die vaste en draagbare klok te sien sonder om eers na die rekenaar af te laai. Dit kan nie op die "Geharde draagbare" klok gebruik word nie, aangesien hierdie model nie 'n vertoonskerm het nie. |
| MEMORY: R150 elk<br><br> | Bykomende geheue-modules<br>Vir vaste klokstelsels alleenlik |
| Sagteware: Klokdata alleenlik: GRATIS met enige van die klokmodelle | Hierdie sagteware voorsien drukstukke van kloktye alleenlik. Geen berekenings word gedoen nie, en die eindresultaat is soortgelyk aan 'n klokkaart wat deur 'n standaardtipe kaartklok gedruk word.<br>Geen jaarfooie is betaalbaar nie. |
| TIMECALC: R1000 per installasie, verpligte jaarfooi R400 vanaf jaar 2 en verder | Tydsberekeninge-sagteware<br>Hierdie program doen volledige berekenings van tyd gewerk, oortyd, korttyd en verlof. Dit stel u ook in staat om oortyd en korttyd teen mekaar af te speel. |
| PAYSLIP: R2000 per installasie, verpligte jaarfooi R300 vanaf jaar 2 en verder | Betaalstrokie-sagteware<br>Hiermee skep u betaalstrokies, gebaseer op die resultate van die tydsberekeninge reeds gedoen. Dit maak voorsiening vir aftrekkings, bonusse, WVF, LBS ensomeer. |

Installasie: Die pryse hierbo gemeld sluit BTW en enige installasiefooie uit. Dit is heeltemal haalbaar om om die klok en sagteware self te installeer as u redelik rekenaargeletterd en handig is – ons het "rocket science"  uit die stelsel gehou, en u kan uself sodoende 'n koste van R3000-R4000 bespaar. Ons ondersteun u uit die aard van die saak telefonies tydens opstelling en daarna.

Indien u wel vereis dat ons die stelsel kom installeer, sal dit apart gekwoteer word, en afhangend van afstande kan dit tipies tussen R3000 en R4000 kos (BTW uitgesluit)

Skakel ons asseblief op 012 654 5804 of 012 654 1619 as u meer inligting verlang.